## Begeleiding vir die leerder deur die nuwe sillabus

A.S.NXELE, M. SIBIYA, J. DE VILLIERS
*Effective History Grade 12 A skill-based approach in compliance with Curriculum 2005*
Excellentia Publishers
Empangeni
1998
pp. 143
ISBN 1-919717-17-X

Die uitsluitlike doel met hierdie boek is om as voorgeskrewe bron te dien vir hoërskool leerlinge met geskiedenis as vak. Dit op sigself is prysenswaardig,

aangesien dit die feitelike gegewens aanbied om aan te pas by die uitkomsgebaseerde onderwys stelsel. Die sillabus in Algemene Geskiedenis en Suid-Afrikaanse Geskiedenis vir standerd 12 leerlinge word in hierdie werk behandel.

Die Geskiedenissillabus vir hierdie afdelings vereis dikwels dat groot hoeveelhede materiaal behandel moet word. Dit lei weer daartoe dat leerlinge geweldig baie feitelike inligting moet bemeester. Die belangrikheid van hierdie boek is daarin gelee dat dit vir die leerder as 'n gids kan dien wat hom kan help om die enorme hoeveelhede inligting wat in die sillabis voorkom af te skaal, en te fokus op die essensiële feite. Dit gebeur dikwels dat inligting gememoriseer word sonder dat die leerder dit analiseer of verstaan. Dit is baie belangrik dat die nuwe benadering ten opsigte van uitkomsgebaseerde onderwys, ook van toepassing moet wees op die boeke wat deur leerders gebruik word. Dit is juis hierin wat die boek se grootste waarde lê. Hierdie werk slaag ook daarin om aan die leerder 'n duidelike perspektief van mense en gebeure te gee.

Dit is egter ook baie belangrik dat hierdie werk deurentyd sal dien waarvoor dit bestem is, naamlik om die leerder te begelei deur die sillabus en dat die leerder moet besef dat daar nog 'n magdom van ander bronne beskikbaar is, en inderdaad geraadpleeg behoort moet word. Indien dit sou gebeur dat die leerder hierdie boek gebruik om die geskiedenis in 'n neutedop te bestudeer, dan verminder die waarde van die boek aangesien die werk dan in sy doelstelling faal.

Pieter Moller
*PUCHO (Vaaldriehoekkampus)*